

Waarom, Here?

Dr. Petrus Moolman

Hierdie is nie 'n teologiese geskrif nie. Dit is ook nie uit boeke oorgeskrif nie. Dit is gedagtes uit 'n tyd in my lewe toe ek vrae gevra het. Baie vrae. Oor die lewe. Oor God. Oor die waaroms van pyn wat ek probeer verstaan het. Vrae wat mense nou vra. Covid was eers ver. By ander mense. Nou is Covid hier. In my huis en in my familie. Mense rondom ons sterf. Mense wat andersins nie nou al sou gesterf het nie. Maar hulle is nie meer dáár ver nie en die lys word elke dag net langer. In mense se gemoed raak die lys van vrae ook langer. Dit vermeng met ons innerlike woede en beskuldigings van swak owerheidsbestuur. Woede oor leiers wat moet lei, maar skelm hulle sakke vol geld stop, wat vir nooddienste moet gaan, om lewens te red.

Waarom laat God dit toe? Waar is God in dié tyd? Waarom sterf mense selfs in die fleur van hulle lewe, terwyl hulle nog soveel kon bydra deur hulle wonderlike talente, gawes en vermoëns? As God, God is, waarom steek Hy nie sy hand uit soos oor die Rooisee en verdeel die water dat ons veilig deur hierdie krisis kan stap nie? Of, soos prof. Adrio König in 'n boek gevra het: *God waarom lyk die wêreld so?*

As jy ook dié vrae het wat deur jou kop maal, moet nie alleen voel nie. Dit is 'n eeueoue vraag. Vandat mense in 'n mag groter as hulleself kon glo, vra hulle die vraag. Veral wanneer iemand naby jou sterf. Dikwels aan kwale wat hulle vermink, en ontmens. Die mens wat jy geken het, is onherkenbaar. Hulle prestasies is net in herinneringe en op foto's. Al wat oorbly is 'n kisse met as, wat iewers in 'n nissie gebêre en vergeet word, of iewers gestrooi word om in die wind weg te waai.

Toe ekself dié pad moes stap, het het baie gelees. Gedelf in teologiese geskrifte, en moeilike antwoorde op onmoontlike vrae gesoek. Selfs daarvoor probeer skryf. Diep geworstel met God en die Bybel. Selfs as gelowige is dit moeilik om met 'n verwonde hart, selfs die mooiste teksverwysings uit die Bybel as troosvol te ervaar. Prof. Christina Landman het in 'n stadium na dié tipe troosliteratuur as 'pienk boekies' verwys. Poëties mooi, emosioneel, soetsappig en tranetrekend. Uiteindelik troosloos en leeg. Iets wat jy vir iemand gee as jy nie weet wat anders om te gee nie.

Ek het deur die Bybel geworstel oor vrae en antwoorde wat ons in die Gereformeerde teologie eeue lank duidelik en sistematies verpak het. Die skepping is deur die sonde

aangetas. Daarom gaan mense ook dood en word hulle oud. As aardbewings en tsunami's die aarde verniel, dan sê die slim predikers dit is nou maar die onvolmaakte, sondige skepping waarvan ons deel is. Minder ingeligte predikers en troosters vertel dat God die mensdom oor hulle sonde straf. Die predikant wat die begrafnisdiens gelei het van die klompie kinders wat jare gelede in die Westdene-busramp gesterf het, troos die hartseer gehoor met: "Die Here wou die mooiste blommetjies vir sy hemelse rangskikking hê." Stel jou voor, hoe die res baie vrae kon vra: Waarom het die Here my nie ook gepluk nie, waarom net my maatjie? Is ek nie goed genoeg vir die Here se blommerangskikking in die hemel nie? So, dis God wat die bus in die dam in laat ry het. Hy het blomme gekort vir sy rangskikking. Wat gaan Hy vorentoe nog doen – dalk met my? In die Covid-tyd hoor ons van sameswerings, bese magte, nie alleen aangaande die virus nie, maar ook die inenting. Moet dit asseblief nie neem nie, skree hulle dit uit op die sosiale media. Dus: óf God, óf die bese is aan stuur van sake en is besig om hartgrondig te misluk! Dáárom lyk die wêreld so!

Kom ons kry ons verwarde gedagtes georden. Weer eens, hierdie is nie 'n teologiese redenasie nie. Teoloë sou dit seker aan flarde kon skiet. In die pad van heling, het daar vir my egter 'n paar dinge na vore begin kom wat my ook die Woord beter laat verstaan en laat sin maak het.

Waarom is daar rampe op aarde? Vir my lê die antwoord tans op my lekevlak, daarin dat die aarde duidelik na miljoene en miljoene jare, nog steeds besig om homself (of haarself – ons praat mos van *Moeder Aarde*) – te vorm. Daarom is daar nog steeds lawa wat rots word, wat later weer grond word, waarin mense later plant en saai. Dit neem miljoene jare. Kontinente en lande met seegrense, se geografiese lyne verander gedurig. Daarvoor is tsunami's en rotsplate diep onder die oppervlak van die aarde wat onrustig deur die miljoene jare, evolusionêr nuwe rusplek soek, verantwoordelik. Eilande verdwyn onder die see as gevolg van smelting van ysberge – en mense en hulle eiendomme wat op sulke vlak plekke bou, ervaar rampe. En hulle vra: 'waarom'? Stormwinde baljaar uitbundig soos van die begin af oor die aarde en verwoes ontwikkelde plekke met mag wat mens verstom. Is dit God se straf? Nee, dit is evolusie. Die aarde skep sigself nog steeds in 'n oneindige proses van ontwikkeling. Spesies van plante, goggas en diere kom en gaan. Die slim ouens noem dit evolusie wat nooit ophou nie.

En die mens is deel van hierdie aangrypende skepping. Die mens is 'n lewende organisme wat, soos elke ander organisme, gebore word, meer word en sterf. Dis die pad van elke lewende organisme. So werk die aarde. En hulle kom aan hulle einde op verskillende maniere: droogte, peste, word verorber as deel van die voedselketting en van ouderdom. Waarom gaan mense dood? Want mense is lewende organismes. Hulle het 'n kort lewenspan. Word gebore, vermeerder, en sterf. Dis die dodelike ritme van alles wat leef. So sê die Bybel ook.

Maar – voor jy dink ek het my Bybelse spoor heeltmal verloor, die Bybel sê ook ons is anders. Ons werk nie met instink en aanteelseisoene soos ander lewende organismes nie. Ons het 'n goed ontwikkelde brein waarmee God wil hê ons moet Hom op hierdie aarde verteenwoordig. In ons kort lewensiklus, tot ons ook sterf: sommige in motorongelukke, sommige deur hulle eie toedoen, sommige deur pynlike siektes en Covid-19. Ons sterf, ongeag wie ons is, hoe diep ons geglo het of nie geglo het nie. Ons sterf almal. Verskillend. Soms jonk, soms oud. En dit is altyd seer as iemand na aan my sterf. Dit bly seer. Die Bybel sê ook so.

Die kernverskil wat God maak, anders as ander organismes, is dat ons met ons gesonde, wonderlike breinvermoë, kan kies. Nee, MOET kies, in ons kort lewenspan. Om vir Hom te leef, om sy vingerafdrukke in hierdie lewe te los, wat ons gegun word. Sodat die wêreld iets van God in ons lewe kan ontdek, leer en navolg.

So gesien, verander ook ons vrae wanneer ons hartseer is. Prof. Danie Louw het in sy geskifte gesê dat ons vrae mag vra. Ons **moet** vrae vra. Lees maar die Psalms en kyk hoe die digters vrae aan God vra. Louw sê egter dat ons vrae anders klink. Eerder as 'waarom', vra ons 'waartoe', Here. Ons is hartseer, stukkend, en verstaan nie. U is nie die God VAN ons krisis nie, maar wat ons wel weet, is dat U ons IN ons krisis, kan lei, sodat U eer en U Naam in ons fokus kan bly. Ten spyte van ons hartseer, kan ons nou bid: *"Here, hoe kan ons IN ons seer en verwonding, U bly verheerlik?"*

Slaag ek daarin om my vrae se inhoud só te verander, word ek heel. Lééf ek my lewe enduit, want dit is kort en die sandglas loop gou-gou leeg! Dan droog die trane op my wange en die vrae word minder. Ek leer bid soos die digter van Psalm 16:11 - *U leer my om te lewe!*